higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# MESSEL- EN PLEISTERTEORIE N2

(11010102)

**15 April 2021 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.**

182Q1A2115

Kopiereg voorbehou


Downloaded from www.mycourses.co.za

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MESSEL- EN PLEISTERTEORIE N2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za

## VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.6) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.1.1 'n Kolom is 'n regop pilaar, gewoonlik reghoekig of rond.

1.1.2 'n Pilaster en 'n pyler ('pier') kan dieselfde doel dien.

1.1.3 Entasis is steenwerk tussen openinge wat las dra.

1.1.4 'n Buitewaartse kromming in 'n pilaar staan as 'n argitraaf bekend.

1.1.5 'n Pyler ('pier') is steenwerk tussen openinge wat las dra.

1.1.6 Kolomme word van staal, stene, klip of beton gemaak. (6 × 1) (6)

1.2 Verduidelik die prosedure om 'n lopende gietvorm ('running mould') te maak. (10)

1.3 Gee TWEE standaard breedtes van pleisterbord. (2)
**[18]**

## VRAAG 2

Teken die alternatiewe planlae van 'n een-en-'n-halfsteen stomp, skewe hoek ('obtuse quint corner') in Engelse verband volgens 'n geraamde skaal van 1:10. **[20]**

## VRAAG 3

3.1 Verduidelik die metodes om 'n terraso-blad te lê. (6)

3.2 Noem VIER verskillende verbande vir betonplaveiselstene. (4)

3.3 Noem VIER voordele van 'n holmuurkonstruksie bo 'n soliede muur. (4)
**[14]**

## VRAAG 4

4.1 Noem VIER tipes kaggels volgens hul vorms. (4)

4.2 By die konstruksie van skoorstene en kaggels is dit belangrik om te verhoed dat vuur na ander dele van 'n gebou kan versprei.

Noem VYF voorsorgmaatreëls wat getref moet word. (5)

4.3 Skryf die afkorting DPC voluit. (1)
**[10]**

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za

**VRAAG 5**

5.1 Skuinskapwerk ('raking back') en vertanding ('toothing') is dele van 'n muur.

Toon die verskil tussen skuinskapwerk en vertanding deur middel van vryhandsketse aan. Elke skets moet 'n muur van drie lae hoog en vier lae lank in strykverband toon. (2 × 4) (8)

5.2 Verduidelik die doel van 'n dekstrook ('coping') (die bedekking op tuinmure en pylers) kortliks. (3)

5.3 Verduidelik die verskil tussen die volgende dele van 'n kaggel:

5.3.1 Register

5.3.2 Samekoms ('gathering')

(2 × 2) (4)

5.4 Noem VYF instrumente wat gebruik word om gipsbord te pleister. (5)
**[20]**

**VRAAG 6**

6.1 Noem DRIE verskillende dele van 'n kolom. (3)

6.2 Verduidelik die term hanekamboog kortliks. (2)

6.3 Noem VYF basiese reëls wat nagevolg moet word wanneer steierwerk bestyg word. (5)

6.4 Noem VYF onderdele van kortelingsteierwerk ('putlog scaffold'). (5)

6.5 Bespreek die korrekte prosedure om teen 'n leer op te klim. (3)
**[18]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za